Afrikaners het vir 'n demokrasie gestem. Het hulle 'n revolusie gekry, vra Flip Buys, uitvoerende hoof van Solidariteit en voorsitter van AfriForum, in dié ope brief aan mnr. Gwede Mantashe, sekretaris-generaal van die ANC.

Beste Gwede,

Die onderhoud met jou in *Beeld* "Dis reg om te veg – Gwede" het teenstrydige gevoelens by my laat opkom. Aan die een kant was ek aangenaam verras oor jou siening dat minderhede reg is om vir hul belange te veg solank dit in balans met die groter geheel is en oor jou mening dat verstandhoudings moontlik is oor knelpunte soos Pretoria se naam.

Aan die ander kant sien ek 'n lang pad lê nog vir ons voor en dat ons soms in een land in twee wêrelde lewe.

Jy sien, die meeste wit mense het die post-1994-era met verstaanbare bekommernisse, maar ook met groot verwagtings oor die toekoms begin. Dis aan ons voorgehou as 'n wonderwerkskikking, opgeskryf in een van die beste grondwette ter wêreld en met versoening tussen voormalige teenstanders as grondslag. Hierdie droom het deur die Mandela-era voortgeduur omdat hy gewild was en die gevolge van die omwenteling nog nie op grondvlak sigbaar was nie.

AfriForum

Maar die euforie van 'n nuwe demokratiese begin waarin daar ruimte vir almal sou wees, het binne tien jaar verander in ontnugtering oor die nuwe bedeling. Dr. Bertus de Villiers, vroeër 'n geesdriftige mede-argitek van die
nuwe Suid-Afrika, het die rede daarvoor treffend uit Australië verwoord:

"Die gaping tussen wat wit mense verwag het gaan gebeur in die nuwe Suid-Afrika en wat gebeur het, was en bly net eenvoudig te groot."

Daarom glo ek dat dit in landsbelang is om die omstandighede en bestaansvereistes te skep om opgeleide minderhede in die land te hou. Terloops, dis juis wat AfriForum en die Solidariteit-beweging probeer doen – om dit vir Afrikaners te help moontlik maak om te bly en om emigrante te help terugkom sodat hulle saam kan bou aan die toekoms en hul kinders hier kan grootmaak.

Weet jy dat AfriForum se "Kom huis toe"-veldtog al meer as 5 000 geskoolde gesinne gehelp het om terug te kom? Daardeur het Kallie Kriel en sy span al 'n nuwe Afrikaanse woord, "remigrasie", geskep!

Gwede, ons politieke kultuur is om nie op tone te trap nie en om eerder stil te bly en selfs maar landuit te gly



Grafika: SALOMÉ NOURSE

Kom, laat ons eerder saam oplossings kry

ANC moet aanpas; hy het in die geskiedenis vasgesteek

as om direk te sê wat ons griewe is. Maar dis nie patrioties om stil te bly nie, want dan kan niemand regmaak wat verkeerd is nie. As ek wil hê mense moet bly, kan ek mos nie stilbly nie!

Politieke plofstof

Dis tog 'n bekende feit dat 'n te groot gaping tussen verwagtings en werklikheid politieke plofstof is. Daardie gaping lei nou tot opstande onder die swart mense van Balfour en dit lei tot vervreemding onder wit mense wat emigreer omdat hulle voel dat die bestaansvereistes nie meer daar is vir hulle om suksesvol in Afrika te leef nie.

Onthou, die wêreldbekende politieke wetenskaplike Francis Fukuyama het ná 1994 gesê die grootste bedreiging vir Suid-Afrika is dat die nuwe regering beleidsrigtings sal aanvaar wat tot 'n uittog van wit geskooldes lei.

Prof. Lawrence Schlemmer het ook jare gelede al gewaarsku dat die ANC se oorweldigende politieke mag hom nie moet verlei om beleidsrigtings te aanvaar wat opgeleide minderhede gaan vervreem nie.

As rede daarvoor het albei wetenskaplikes beklemtoon dat die ANC hierdie opgeleide minderhede nodig het om hul beloftes aan die massa na te kom. Die nuwe vlaag van swart opstande spruit juis daaruit dat die staat en die ekonomie nie kan voldoen aan die verwagtings wat die politiek geskep het nie.

Demokrasie of revolusie?

Die onderliggende rede vir die politieke grondverskuiwing onder wit mense is die groeiende gevoel dat die ANC die historiese 1994-skikking verbreek het en dit in die praktyk vervang het deur 'n "wenner-vat-alles"-benadering.

Terwyl die ANC nog met die mond grondwetlike waardes bely, het hy met die hand feitlik alle Afrikaanse demokratiese ruimtes toegestop. Wat net met ons Afrikaanse universiteite gebeur, is genoeg om selfs die mees gematigdes te vervreem.

Ek is bevrees dat baie mense voel dat hulle vir 'n demokrasie gestem het, maar uiteindelik steeds 'n revolusie gekry het – 'n onderhandelde revolusie eerder as 'n demokratiese skikking.

Ons voel mislei en wonder of die ANC nie maar net die demokrasie omhels het omdat dit om demografiese redes die maklikste manier was om die mag te kry en te behou nie.

Dis hoekom daar so 'n woede onder Afrikaners uitgebreek het teen die voormalige liberale elite by die 20-jarige herdenking van oudpres. FW de Klerk se toespraak. Selfs oud-NP-mense wat verandering gesteun het, voel nou dat hulle uitgelewer is.

Dink jy ek stel dit te sterk?

Kyk maar hoe die magtige NP in 'n rekordtyd ineengestort het in die vertrouenskok toe mense begin agterkom wat werklik gebeur het.

Afrika se kernfout

My gevolgtrekking is dat julle die kernfout van Afrika sedert onafhanklikwording herhaal. Dit was die oorskatting van die mag en vermoë van 'n staat om die regering se politieke doelwitte te bereik.

Kwame Nkrumah se resep van "gee ons eers die politieke mag en alle ander dinge sal daarby gevoeg word", was nog nêrens suksesvol nie. Die staat kán net nie soveel doen soos wat die regerings wil nie.

Ek besef dat die regering sy bestaansrede as die opheffing van die armes sien, maar deur die staat wat reeds verswak is deur halsoorkop transformasie te oorlaai met nóg funksies laat alles net in duie stort. En dis nie 'n regse standpunt nie! Brian Pottinger praat selfs van die démodernisering van Suid-Afrika onder Mbeki.

Die enorme koste van transformasie begin orals deurskemer in die vorm van mense wat nie dienste kry nie en die krisisse by Eskom, munisipaliteite, staatshospitale en veral die hemelhoë geweldmisdaad omdat die staat nie meer sy burgers veilig kan hou nie. En dis dan die kernfunksie van 'n staat!

Ek glo dat die meeste wit mense die regering se hoofdoelwit om armoede te beëindig sterk steun, maar meen dat dit net deur privatesektor-gedrewe ekonomiese groei kan gebeur en nie deur herverdeling deur die staat nie.

Die getalle verhoudings en ekonomiese werklikhede in ons land maak dit net onmoontlik. Afrikaners wil help om die land se probleme aan te pak – dis mos in ons almal se belang dat ons land werk. Maar ons word nie toegelaat om te help nie, ons word uitgesluit!

Hoeveel keer het Afrikaner-groepe nie al aangebied om te help met munisipaliteite nie? Daar is selfs al formele ooreenkomste met die regering gesluit, maar niks gebeur dan verder van bo af nie. Dit help nie net om voor verkiesings te probeer uitreik na minderhede ter wille van stemme nie. Ons wil nie stemvee wees nie, ons wil burgers wees wat mag help met oplossings vir die land se probleme.

Wie moet aanpas?

Daar word gesê die Afrikaner moet aanpas, "adapt or die", soos PW Botha gesê het. Is dit regtig so? In sy tyd was dit ons beurt om aan te pas omdat ons aan die verkeerde kant van die geskiedenis was.

Maar hierdie keer is dit die ANC wat moet aanpas omdat julle in die geskiedenis vasgesteek het! Kom, laat ons eerder praat om oplossings te kry. Ons is kwaad vir die regering, maar ons is lief vir die land. Daarom wil ons help om Suid-Afrika te laat werk.